GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

BEHEERLIGGAAMVERKIESING

BRIEF AAN OUERS

VERKIESING VAN OUERVERTEENWOORDIGERS OP DIE SKOOL SE BEHEERLIGGAAM

NAAM VAN SKOOL: LOUIS LEIPOLDT

SKOOLADRES: H/V PRETORIUS- EN LANGEBRINKSTRATE
LYTTELTON

Geagte Ouers

Die regulasies in terme van die Skoolonderwyswet van Gauteng van 1995 en die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) vereis dat alle openbare skole 'n beheerliggaam elke drie jaar moet verkies. In ooreenstemming met hierdie regulasies, moet beheerliggaamlede wat bedank ook vervang word. Dié regulasies omskryf die samestelling van die beheerliggaam.

Die skool se beheerliggaam moet uit die skoolhoof en die volgende lede bestaan:
Ouerverteenwoordigers
Onderwysersverteenwoordigers
'n Administratiewe personeellid
Leerderlede (in die hoërskool)

Die verkiesingsbeampte van ons skool sal u spoedig in kennis stel wanneer die nominasies en verkiesing van ouerverteenwoordigers sal plaasvind.

Die verkiesingsbeampte van ons skool is:
Mnr J Koekemoer
Hoërskool Centurion
Cliftonlaan, Lyttelton, 0157

Mnr Koekemoer kan gekontak word by telefoonnommer 012 664-5803 indien u enige navrae het.

Vriendelike groete

P Ferreira
HOOF

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

BEHEERLIGGAAMVERKIESING

STANDAARDKENNISGEWING VAN NOMINASIE- EN STEMMINGSVERGADERING VIR DIE VERKIESING VAN OUERVERTEENWOORDIGERS

SKEDULE A

DISTRIK: TSHWANE-SUID D4 SKOOL: LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT

Die regulasies in terme van die Skoolonderwyswet van Gauteng van 1995 en die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) vereis dat alle openbare skole 'n beheerliggaam elke drie jaar moet verkies. In ooreenstemming met hierdie regulasies, moet beheerliggame teen 31 Maart 2021 verkies word. Dié regulasies omskryf die samestelling van die beheerliggaam.

Die skool se beheerliggaam moet uit die skoolhoof en die volgende lede bestaan:
Ouerverteenwoordigers
Onderwysersverteenwoordigers
'n Administratiewe personeellid
Leerderlede (in die hoërskool)

Hiermee word kennis gegee dat die nominasievergadering vir die verkiesing van **OUERVERTEENWOORDIGERS** van die Beheerliggaam van L/s Louis Leipoldt gehou word.
Op: Maandag 15 Maart 2021
Om: 18:00 tot 18:15
Te: Laerskool Louis Leipoldt Skoolsaal

'n Kandidaat kan op twee maniere genomineer word:
- 'n Nominasievorm, voltooi deur 'n voorsteller, sekondant en kandidaat, kan by die hoof ingehandig word nie meer as 7 dae en nie minder as 1 dag voor die vergadering nie;
- 'n Ouer kan tydens die nominasievergadering voorgestel word, indien die kandidaat gesekondeer word deur 'n ouer teenwoordig by die vergadering en ingehandig word by die verkiesingsbeampte binne die voorgeskrewe tyd bepaal deur dié beampte.
- Die nominasievorms moet asb by Mev A van Niekerk by die skoolkantoor ingehandig word.

Indien meer kandidate genomineer word as wat benodig is, sal 'n verkiesing gehou word. Indien daar nie 'n kworum is met die vergadering op 15 Maart 2021 nie, sal die volgende vergadering plaasvind op 23 Maart 2021 waar daar nie 'n kworum benodig word nie.
Op: Maandag 23 Maart 2021
Om: 18:30 tot 19:00
Te: Laerskool Louis Leipoldt

HANDTEKENING VAN VERKIESINGSBEAMPTE **DATUM** 12/02/2021

Adres van verkiesingsbeampte: Hoërskool Centurion, Cliftonlaan, Lyttelton